

## **Sing vooraf staande: Skrifberyming 12-3:1, 2 (nuut)**

- 1 Enigste Here, enkele Wese, / ons glo in U met ons hele hart.  
Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons: / U is vir ewig God en Heer.
- 2 U, onbegryplik, U is onsienlik, / altyd dieselfde, oneindig groot.  
U is almagtig, wys en regverdig – / U is die bron van alle goed.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

## **Psalm 33:1, 11 (p. 157)**

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!  
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.  
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –  
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!
- 11 In God, dié God wat ons beveilig, / voel nou ons hart opnuut verblyd;  
en op sy Naam, ontsaglik heilig, / vertrou ons tot in ewigheid.  
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader / met 'n diep ontsag;  
slaan ons gunstig gade, / skenk ons u genade / as ons op U wag!

## **Gebed**

### **Psalm 139:1, 2 (p. 674)**

- 1 Daar 's niks voor U bedek, o HEER! / U skou uit eewige dieptes neer  
en sien my hart en wandel aan: / al wat ek doen, my sit en staan,  
of wat in my diep weggesink het – / U weet al wat my hart bedink het.
- 2 My gaan en lê, waar ek my wend – / my weë is aan U bekend;  
geen woord het nog my tong ontval / of kyk, o HEER, u weet dit al.  
U sluit my in: ek is gevange, / u hand 's op my in al my gange.

## **Skriflesing: Psalm 139:1-24; Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 1**

**Kernvers:** Psalm 139:5

**U omsluit my van alle kante, U neem my in besit.**  
(Psalm 139:5 AFR 1983)

## **Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 1**

### **Die enige God**

*Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem. Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is.*

*2 Kor 3:17; Joh 4:24; Jes 40:14.*

**Tema:** Hoe werklik is God vir jou? Ons alomteenwoordige God is oral en altyd by jou teenwoordig!

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons staan vanaand stil by die vyfde eienskap van God wat ons in die eerste artikel van ons Nederlandse Geloofsbelydenis bely. **Ons glo met ons hart en bely met ons mond** dat ons God **oneindig is**. Om dit nog meer begryplik vir ons te maak kan ons sê: **Ons glo met ons hart en bely met ons mond** dat ons God alomteenwoordig is.

Die eerste wat vir ons duidelik word met hierdie woorde wat ons bely, is dat ons nooit daaraan moet dink dat ons God met ons ou gedagtetjies sal kan omvat nie. In 'n sekere sin sê ons dieselfde wanneer ons sê God is **onbegryplik**. Ons kan nooit bedink of in mensewoorde die punt bereik waar ons kan sê: So is God, so asof ons die Here van binne en buite ten volle kan beskryf nie.

Die Here laat ons dit ook by monde van Dawid in ons psalm hoor. Van Dawid sê die Here: Dit is 'n man na my hart (1 Sam 13:14). Dawid het regtig intiem persoonlik met God geleef. Maar al het hy ook hoe naby God geleef, sê hy nog steeds:

**Hoe wonderlik is u gedagtes vir my, o God, hoe magtig hulle almal! As ek hulle sou wou opnoem – hulle is meer as wat daar sand is, en as ek daarmee klaar is, sou ek nog steeds met U te doen hê.** (Psalm 139:17-18 AFR 1983)

Ons sal alles wat ons van die Here weet kan opnoem, neerskryf, vertel, ja, ons kan selfs alles wat die Here van Homself in die Bybel aan ons openbaar oorvertel. En as ons dit alles gedoen het, sal ons nog nie alles van God vertel het nie. God is net heeltemal te groot vir ons verstandjies.

Jesus leer ons dit ook wanneer Hy ons leer bid: **Ons Vader wat in die hemel is ...** (Matteus 6:9 AFR 1983). God is ver bo ons begrip. Hy is in die hemel. Maar dit beteken nie dat Hy tot die hemel beperk is nie. Die Here word nie in die hemel vasgehou sodat Hy nie ook nou hier by ons kan wees nie. Trouens, Salomo bely in sy gebed wanneer die tempel in gebruik geneem word dat die hemel, selfs die hoogste hemel, God nie kan bevat nie.

As selfs nie eers die hoogste hemel God kan bevat nie, broers, susters en kinders, beteken dit dat God nooit êrens ingeperk kan word nie. Ons kan nie God vaskeer in die Bybel nie en tog is daar mense wat dink as die Bybel toe is en weggebêre is, kan God hulle nie sien of hoor nie. Nog minder kan die Here in die kerkgebou of in die Sondag ingehok word, en tog is daar mense wat reken buite die kerkgebou en van Maandag tot Saterdag kan hulle maar lewe soos hulle wil en net in die kerkgebou en op Sondag moet daar gemaak word soos die Here sê. Ons kan mos nie slotte aan die deure sit sodat die Here nie hier kan uitkom nie.

Tyd en ruimte is grense wat ons mense nooit kan oorskry nie, want ons kan net op een plek op 'n slag wees. God kan egter op geen enkele manier binne tyd en ruimte ingehok word nie. Hy is alomteenwoordig, alwetend, almagtig. In hierdie psalm van Dawid maak die Here Homself vir ons meer werklik – aan die een kant vermanend werklik, en aan die ander kant vertroostend werklik. Om die waarheid te sê, die Here omsluit vir jou en vir my van alle kante – Hy neem ons in besit. Maar kom ons volg die spoor van Dawid in hierdie psalm om te weet en te glo wat ons bely as ons sê ons God is alomteenwoordig.

Broers, susters en kinders, my en jou persoonlike lewe mag privaat wees wanneer dit by ander mense kom, maar vir die Here geld my en jou privaatheid nie. Of ons sit en of ons opstaan, Hy weet dit. Selfs my gedagtewêreld is nie ontoeganklike terrein vir die Here nie. Ek kan ander mense, ja, ek kan selfs alle mense uit my gedagtewêreld uitsluit. My besluite om te sit of op te staan, my beplanning vir 'n reis en vir oorbly is myne. Ander mense weet niks daarvan nie; hulle sien dit maar net gebeur. Van die woorde wat ek bedink, die beelde wat ek vir myself in my gedagtes vorm, weet ander mense niks nie, want hulle het nie die vermoë om my gedagtes af te luister of in my gedagtewêreld in te sien nie. Soms hoor hulle maar net die woorde en gedagtes wat ek uiter.

Tog kan ek God nie uit my gedagtewêreld uitsluit nie. Inteendeel, Hy sien dwarsdeur my en Hy is in my gedagtewêreld teenwoordig sonder dat ek Hom daarin toegelaat of uitgenooi het. Omdat Hy in my gedagtewêreld teenwoordig is, ken Hy my gedagtes, bepaal Hy of ek sal reis of oorbly, weet Hy van elke verbeeldingsvlug en woord nog voordat ek daaraan gedink het of dit gesê het.

Ons kan in die gange en kamers van ons gedagte-wêreld wandel soos ons wil, oral gaan ons die Here teëkom. Alles wat jou en my gelukkig of ongelukkig, bly of hartseer, bedruk of bang, of wat ook al maak, daarvan weet die Here, want Hy is voluit in ons gedagte-wêreld teenwoordig. Hy omsluit ons van alle kante – Hy neem ons in besit. Die alom-teenwoordigheid van God in my gedagte-wêreld oorweldig my; dit is vir my onbegryplik.

As ons private lewe en ons gedagte-wêreld geheel en al toeganklik is vir die Here, gelief-des, sal ons God onmoontlik in ons openbare lewe kan ontvlug. Dawid het agtergekom dat die ganse skepping vir die Here toeganklik is. Vir mense kan ek wegkruip sodat hulle my nooit kan kry nie. Maar daar is op die hele aarde en in die heelal geen plek waar ek kan kom en sê: Hier is die Here nie, of hier was die Here nog nooit nie. Al klim ons tot in die hemel of al gaan ons af tot in die doderyk, sal ons nie net tekens vind dat die Here al daar was nie, ons sal Homself daar teëkom. Al sou ons tot in die verre ooste gaan of tot in die verre weste, ook daar is die Here en lei Hy jou en my met sy hand, hou Hy jou en my in sy regterhand vas. En dit is nie dat die Here my agtervolg soos 'n bloedhond waar ek ook al gaan nie. Oral waar ek kom, sal ek die Here teëkom. Telkens is Hy reeds op die plek waarheen ek gaan. Ons kan met ons beste tegnologie selfs buite ons sonnestelsel gaan, en as ons daar kom, sal ons nie anders kan nie as om te sê: Ook hier is U, o Here, ook hier hou u regterhand ons vas.

Selfs nie eers die duisternis of die nag is donker genoeg om ons van die Here se oë en van sy teenwoordigheid weg te neem nie. Duisternis is vir die Here nie donker nie. Die nag is so goed soos die dag vir Hom en duisternis so goed soos lig. Ja, ook in ons openbare lewe, of dit nou dag of nag is, omsluit die Here ons van alle kante, neem Hy ons in besit.

Geliefdes, wanneer ons saam met Dawid besef hoe werklik die Here ons God teenwoordig is in ons private en openbare lewe, kom daar een van twee gedagtes dadelik by ons op. Aan die een kant laat hierdie begrip van God se alomteenwoordigheid my in skaamte wegkrimp. As sondaar besef ek dat die Here in my gedagte-wêreld teenwoordig was toe ek onredelik kwaad geword het en mense die allerslegste dinge toegewens het of hulle die allerlelikste dinge in my gedagtes toegesnou het. Die Here was ook teenwoordig in my gedagte-wêreld toe ek besig was met dinge wat ek eerder in die donker gange van my gedagte-wêreld of in die privaatheid van my eie huis weggesteek wil hou.

Met hierdie wete bring die Heilige Gees God se kinders tot inkeer. Aangesien die Here weet en teenwoordig was by alles wat ek gedoen het agter my sondige natuur aan, kan ek net sowel alles prontuit aan die Here bely. My gedagtes en werke wegsteek vir die Here kan ek nooit nie, nog minder kan ek Hom ontvlug deur iewers op die aarde of in die heelal vir Hom te gaan wegkruip. Ons eerste voorouers het dit in die tuin van Eden probeer doen, maar kon dit ook nie regkry nie. Ja, vir God kan ek, 'n sondaarmens, nie ontvlug nie. As regter vel God sy vonnis en voltrek dit, al is dit aan sy eie Seun. Maar die mens kan God se toorn ontvlug. Dit doen jy deur te aanvaar dat Jesus Christus vir jou sondes gesterf het en op grond van sy versoeningsbloed vergifnis van God te smee. Dit is immers deur Jesus Christus se versoeningsoffer dat God ons in besit neem. Sy liefde in Christus vir ons omsluit ons van alle kante.

Tog, geliefde broer, suster en kind, bring die Heilige Gees nie net hierdie wete van God se alomteenwoordigheid by ons tuis sodat ons van ons sondes bewus moet wees nie. Die Here wil nie net hê dat ons moet weet Hy het die mag om te vergeld nie. Inteendeel, oordeel en verdelging is nie die laaste woord van God nie. Met die wete dat die Here werklik alomteenwoordig is in ons private en openbare lewe, wil Hy hê ons moet sy teenwoordigheid ook vertroostend beleef.

Daar waar ek of jy in die donker, donker dieptes van depressie verkeer, daar is ons nie alleen nie. Ook in daardie donker, eensame en benoude gedagte-wêreld van ons is die Here teenwoordig. Ook daar hou sy regterhand – sy hand van krag en regeermag – ons vas. Ter wille van Jesus Christus

sal die Here jou en my nie verlaat en alleen los in die benoudheid van ons eie gedagte-wêreld nie. Daar waar ons gedink het ons is alleen, daar is die Here reeds en wag Hy om ons in sy liefdevolle Vader-arms op te tel.

En waarheen ons ook al mag reis, nooit sal ons een enkele oomblik alleen wees nie. Ons almagtige en alwetende God sal voortdurend by ons teenwoordig wees. Daar is immers nie 'n plek op die aarde of in die hele heelal wat vir Hom onbekend of vreemd is nie, want Hy is op elke plek teenwoordig. Waar ek ook al gaan, kom ek Hom teë. Oral waar ek mag wees, lei sy hand my en hou sy regterhand my vas.

Maar nou wys die Here ons in die derde deel van hierdie psalm nog meer die wonder van sy alomteenwoordigheid. Selfs nog voordat ek kon weet of verstaan, was die Here al by my teenwoordig en wonderlik met my besig. Ja, selfs nog voordat my ma geweet het dat sy met my swanger was, was die Here reeds besig om my aanmekaar te weef. Nie een deeltjie van my liggaam, siel of gees was buite die teenwoordigheid van God nie. Met sy eie hande het Hy my daar gevorm waar niemand anders dit kon sien nie.

Daarom kan ek daarvan seker wees dat daar geen fout plaasgevind het nie. Dit was nie 'n glip of 'n ongeluk wat gebeur het nie; dit is God wat my en jou heimlik in die moederskoot gevorm en aanmekaargeweef het. Selfs dit wat van ons sou word en die dienswerk wat ons in God se koninkryk sou doen, was reeds aan die Here bekend, want Hy het dit toe al in die lewensboek opgeskryf gehad.

Hierdie gedagtes van God is wonderlik. Dit het Dawid oorweldig. Dit oorweldig my. Oorweldig dit jou ook, broer, suster en kind? Selfs al sou ons in staat wees om alles op te noem van die Here, sou ons nog steeds met God te doen hê. Ons gedagtes van God is beperk, want Hy is oneindig. As ek my gedagtes van God almal sou kon opnoem, sou ek God nog nie naastebly beskryf het nie.

Met hierdie oorweldigende gedagte van die Here se alomteenwoordigheid tot in die fynste besonderhede van jou en my lewe kom ons nie net tot die besef dat God ons in Christus met sy liefde van buite af omsluit nie. Hy bring ons ook tot die besef dat Hy ons van binne af omsluit. Ja, inderdaad, van alle kante omsluit die Here ons. Die Gees van God, self ook God, het jou en my opgesoek en Hom tuisgemaak in ons en in ons lewe. Daarom kan ons deur die krag van die Heilige Gees ook vanuit Christus lewe.

En ons het veral hierdie lewe vanuit Christus nodig wanneer dit kom by dit waarvan Dawid in die vierde deel van die psalm skryf. Wanneer goddelose mense toeslaan met roof, moord en verkragting is dit ons mense wat maklik in 'n oomblik van onbesonnenheid vra: Maar waar was die Here dan nou? Nou verseker die Here ons: Ook die goddelose kan God nie ontvlug nie. Oral waar hulle gaan en alles wat hulle beplan en doen, is aan die Here bekend. Hy weet van alles, ook van hulle haat en opstand teen Hom, want Hy is ook by en in hulle gedagte-wêreld en donker hule teenwoordig. Daarom sal hulle nie kan vrykom nie. Die toorn van die Here rus op hulle en as hulle hulle nie tot Hom gaan bekeer nie, sal sy toorn in volheid op hulle afkom en hulle tot in alle ewigheid tref.

Dawid leef so naby aan die Here juis deur die Here se teenwoordigheid by hom dat hy teenoor hulle wat in opstand is teen die Here en Hom haat, ook haat en verafsku. Tog maak hy nie op sy eie oordeel staat nie. Hy smeek dat God hom sal deurgrond en hom van die verkeerde paaie sal weerhou en op die regte paaie sal lei. Hierdie bede is onder andere gerig op sy oordeel oor die goddelose mense. En aangesien ons Here ook teenwoordig is waar goddelose mense met hulle opstand en haat teen Hom besig is, kan ons verseker weet dat ons hemelse Vader se liefdevolle arms ter wille van Jesus Christus ook daar by ons teenwoordig is om ons op te tel en styf teen sy bors vas te druk. Want ons mag ook hiervan verseker wees: Nooit sal die Here iets met ons laat

gebeur wat ons van Hom en sy liefde – die liefde in Christus – sal skei nie.

Ten slotte, omdat ons nou beter begrip het van God se oneindigheid, van sy alomteenwoordigheid, kan ons rustig raak. Oor ons sondes kan ons God nie ontvlug nie, maar sy toorn oor die sondes kan ons in Christus ontvlug. En omdat Hy ons in Christus en die Heilige Gees met sy liefde van alle kante omsluit en in besit geneem het, kan ons werklik die veiligheid van sy Vader-arms om ons voel vou.

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 5-4:2, 3, 5, 6 (10:2, 3, 5, 6)

- 2 Dis Christus wat die skuld wou dra, / die dood vir ons gesterf het, ja,  
wat, opgewek, in glorie sit / en altyddeur vir ons wil bid.
- 3 Wie sal ons, van die skuldstraf vry, / van Christus en sy liefde skei?  
Verdrukking of vervolgingsnag? / Benoudheid wat ons hier nog wag?
- 5 Maar nee, ons sal oorwinnaars bly / deur Hom vir wie ons leef en ly.  
Ja 'k weet gewis, geen lewe of dood, / geen eng'lemag, bo-menslik groot,
- 6 geen skepsel in die skepping wyd, / geen ding in tyd of ewigheid –  
niks kan ons van Gods liefde skei / wat ewig-vas in Christus bly.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
13 Mei 2012